**DEPARTEMENT VAN POLISIE**

**NO. R. 563** **24 MEI 2016**

## WYSIGING VAN DIE REGULASIES VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

Die Minister van Polisie het, ingevolge artikel 24(1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), die regulasies in die Bylaag uitgevaardig.

**MINISTER OF POLISIE**
**NPT NHLEKO, LP**

### BYLAAG

**1. WOORDOMSKRYWINGS**

In hierdie Regulasies beteken "die Regulasies" die Regulasies uitgevaardig deur Goewermentskennisgewing R.203 van 14 February 1964, soos gewysig.

**2. VERVANGING VAN REGULASIE 8 VAN DIE REGULASIES**

Regulasie 8 van die Regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van regulasie 8 met die volgende regulasie:

"RANGE

8. (1) Die range in die Diens, in volgorde van voorrang, is soos volg:
Generaal (aangestel as Nasionale Kommissaris)
Luitenant-Generaal (aangestel as Adjunk-Nasionale Kommissaris, Afdelingskommissaris, Streekskommissaris, of Provinsiale Kommissaris)
Generaal-Majoor
Brigadier
Kolonel
Luitenant-Kolonel
Kaptein
Adjudant-Offisier
Sersant
Konstabel

(2) Die Nasionale Kommissaris kan in afsonderlike gevalle 'n rang bepaal wat nie by subregulasie (1) ingesluit is nie en voorsiening maak dat 'n bepaalde lid sodanige rang sal beklee: Met dien verstande dat die Nasionale Kommissaris tegelykertyd bepaal dat die rang vir alle doeleindes gelykwaardig is aan 'n rang wat in subregulasie (1) vermeld word.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(3) Die aanspreekvorm van lede word deur die Nasionale Kommissaris bepaal.

(4) Enige verwysing in enige wet na 'n kommissie offisier, word uitgelê om 'n verwysing in te sluit na 'n lid wat die rang beklee van Kaptein of 'n hoër rang, wat in subregulasie (1) vermeld word.

(5) Enige verwysing in enige wet na 'n onder-offisier, word uitgelê om 'n verwysing in te sluit na 'n lid wat die rang van Adjudant-offisier of Sersant beklee.

(6) 'n Lid wat voor die inwerkingtreding van hierdie regulasie in die Diens aangestel is en 'n rang beklee wat in kolom 1 van die Bylae tot hierdie regulasie vermeld word, sal die ooreenstemmende rang soos vermeld in kolom 2 van die genoemde Bylae beklee.

(7) 'n Lid wat voor die inwerkingtreding van hierdie regulasie 'n rang in die Diens beklee het, sal, na die inwerkingtreding van hierdie regulasie, die salaris, salarisskaal, toelae en of voordele behou wat voor die inwerkingtreding van hierdie regulasie op hom of haar van toepassing was.

# BYLAE

<table>
<tr><th>KOLOM 1</th><th>KOLOM 2</th></tr>
<tr><td>Generaal (Nasionale Kommissaris)</td><td>Generaal (Nasionale Kommissaris)</td></tr>
<tr><td>Luitenant-Generaal<br>• Adjunk-Nasionale Kommissaris<br>• Afdelingkommissaris<br>• Provinsiale Kommissaris</td><td>Luitenant-Generaal<br>• Adjunk-Nasionale Kommissaris<br>• Afdelingkommissaris / Streekskommissaris<br>• Provinsiale Kommissaris</td></tr>
<tr><td>Generaal-Majoor</td><td>Generaal-Majoor</td></tr>
<tr><td>Brigadier</td><td>Brigadier</td></tr>
<tr><td>Kolonel</td><td>Kolonel</td></tr>
<tr><td>Luitenant-Kolonel</td><td rowspan="2">Luitenant-Kolonel</td></tr>
<tr><td>Majoor</td></tr>
<tr><td>Kaptein</td><td rowspan="2">Kaptein</td></tr>
<tr><td>Luitenant</td></tr>
<tr><td>Adjudant-Offisier</td><td>Adjudant-Offisier</td></tr>
<tr><td>Sersant</td><td>Sersant</td></tr>
<tr><td>Konstabel</td><td>Konstabel</td></tr>
</table>

## 3. VERVANGING VAN BYLAE C VAN DIE REGULASIES

Bylae C van die Regulasies word hiermee gewysig deur die vervanging van Bylae C met die volgende bylae:

**"Bylae C**

### ONDERSKEIDINGSTEKENS, KNOPE, RANGTEKENS, KRAAGPATTE EN PETTUITE

I ONDERSKEIDINGS- EN KENTEKENS

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Kenteken van die Polisie | 'n Goue agt-puntige strale ster, belaai in die middel met 'n sierskyf met 'n groen boom aalwyn, met drie rooi blomme, binne-in 'n blou sirkel in reliëf verskyn met die naam "SOUTH AFRICAN", bo, en "POLICE SERVICE", hieronder, in goue letters. |
| (b) | Ster vormige rank kenteken | 'n Goue gefasetteerde vyfpuntige ster, belaai in die middel met 'n sierskyf met 'n groen boom aalwyn, met drie rooi blomme wat daarin verskyn. |
| (c) | Heksagoon rang kenteken | 'n Goue gefasetteerde heksagoon, belaai in die middel met 'n sierskyf, met 'n groen boom aalwyn, met drie rooi blomme wat daarin verskyn. |

II KNOPE —

Koepelvorming, met die kentekens soos in paragraaf I(a) hierbo beskryf, daarop geëmbosseer.

III RANGTEKENS —

| | |
|---|---|
| Generaal (Nasionale Kommissaris) | 'n Gekruiste sabel en staf onder vier heksagone. |
| Luitenant-Generaal (aangestel as Adjunk-Nasionale Kommissaris, Afdelingskommissaris, Streekskommissaris, of Provinsiale Kommissaris) | 'n Gekruiste sabel en staf onder 'drie heksagone. |

| | |
|---|---|
| Generaal-Majoor | 'n Gekruiste sabel en staf onder twee heksagone. |
| Brigadier | Drie sterre in 'n driehoek onder 'n heksagone. |
| Kolonel | Twee sterre onder 'n heksagoon. |
| Luitenant-Kolonel | Een ster onder 'n heksagoon. |
| Kaptein | Drie sterre |
| Adjudant-Offisier | 'n Skouerteken met die wapen van die Republiek van Suid-Afrika en die woorde "POLICE" en "Warrant Officer". |
| Sersant | 'n Skouerteken met die 'n drie streep chevron onder 'n heksagoon.en die woorde "POLICE" en "Sergeant". |
| Konstabel | 'n Skouerteken met die die kenteken beskryf in paragraaf I (a) en die woorde "POLICE" en "Constable". |

IV KRAAGPATTE —

| | |
|---|---|
| Brigadier tot Generaal (Nasionale Kommissaris) | Die kraagstuk is van blou belaai met 'n goue aalwynplant met drie blomtrosse, paalsgewys geplaas en kepervormig gerangskik, en vier blare, die binneste paar om die stam gewend en die buitenste paar opwaarts geboë, aan die mytervormige end 'n goue koepelvormige knoop belaai met die Kenteken van die Polisie. |

| | |
|---|---|
| Kolonel en Luitenant-kolonel | Die kraagstuk is van blou belaai met 'n goue aalwynplant met drie blomtrosse, paalsgewys geplaas en kepervormig gerangskik, en twee blare om die stam gewend, aan die mytervormige end 'n goue koepelvormige knoop belaai met die Kenteken van die Polisie. |
| Kaptein | Die kraagstuk is van blou belaai met 'n goue aalwynplant met drie blomtrosse, paalsgewys geplaas en kepervormig gerangskik, aan die mytervormige end 'n goue koepelvormige knoop belaai met die Kenteken van die Polisie. |

V PETTUITE —

| | |
|---|---|
| Brigadier tot Generaal (Nasionale Kommissaris) | Die pettuit is van swart of blou belaai met 'n goue aalwynplant met drie blomtrosse, paalsgewys geplaas en kepervormig gerangskik en ses blare, die binneste paar om die stam gewend, die middelste paar golwend en die buitenste paar geboë in lyn met die buiterand van die tuit. |
| Kolonel en Luitenant-kolonel | Die pettuit is van swart of blou belaai met 'n goue aalwynplant met drie blomtrosse, paalsgewys geplaas en kepervormig gerangskik en vier blare, die binneste paar om die stam gewend en die buitenste paar geboë in lyn met die buiterand van die tuit. |

## 4. INWERKINGTREDING

Hierdie Regulasies tree op 1 Junie 2016 in werking.